Sondag 20 September 2009

(Matrieknagmaal)

Matteus 4:18-22

Jesus roep sy dissipels.

Oor ‘n paar weke is julle klaar met skool. Daarna wag daar waarskynlik vir die meeste van julle ‘n vakansie iewers saam met ‘n paar van julle vriende. Maar vroeg volgende jaar begin ‘n nuwe fase in julle lewe wat ook nuwe en unieke aanpassings beteken. Nuwe fases met nuwe aanpassings is vir julle nie vreemd nie.

Voorbeelde van sulke fases met nuwe aanpassings is: Van jou ma se arms is jy na die kleuterskool juffrou se klassie toe;.van jou kleuterskool juffrou se klassie na jou graad 1 juffrou toe; daarna was die volgende groot oorgang of nuwe fase in jou lewe toe jy na Graad 3 toe is; van daar af Graad 8 en hoërskool toe en nou is dit van die hoërskool af na ‘n lewe van meer onafhanklikheid as wat jy jou kan indink. Elke keer was die aanpassings meer en groter. Elke keer het die nuwe fase in jou lewe meer verantwoordelikheid beteken. Maar geen verandering of aanpassing gaan so baie van jou vra as hierdie een nie.

Kom ek noem een voorbeeld. Op hierdie stadium is dit belangrik dat julle ouers ten minste weet waar jy op ‘n Vrydag-aand heen gaan en naastenby hoe laat jy by die huis gaan wees. Sommige van julle moes nog eers toestemming vra alhoewel julle ouers feitlik nooit nee gesê het nie.

Volgende jaar is jy op jou eie. Jy het niemand se toestemming nodig nie. Jy kan tot ‘n sekere mate doen wat jy wil. Maar, almal verwag van jou om jou vryheid op ‘n verantwoordelike manier te lewe.

‘n Mens sou wou sê dat jy ook geestelik meer vryheid gaan hê, maar jy kan nie jou geestelike lewe los maak van enige iets anders in jou lewe nie. Die manier waarop jy jou ouers hanteer sê iets van jou verhouding met die Here; wat jy op ‘n Vrydagaand doen sê iets van jou verhouding met die Here; en die manier waarop jy jou ou of jou meisie hanteer; en die manier waarop jy praat; en die manier waarop jy jou kar bestuur; en die manier waarop jy met ander praat; wat jy met jou liggaam maak. Daar is niks in jou lewe wat losgemaak kan word van jou geestelike lewe of jou verhouding met die Here nie.

Die vraag wat ek graag wil antwoord is: Hoe gaan ‘n mens geestelik verantwoordelik die lewe na matriek leef? Ek het selfs die antwoord op die vraag. Dissipelskap. Geen leef die lewe na matriek as ‘n dissipels van die Here Jesus.

Ek gaan twee gedeeltes in dieBybel gebruik om hierdie boodskap aan jou oor te dra.

Kom ons begin by Matteus 4:18-22.

Op hierdie stadium is Jesus ongeveer 30 jaar oud. In vers 17 lees ons van Johannes wat Jesus in die Jordaanrivier gedoop het en nadat Jesus gedoop is, het Hy begin preek. Die boodskap wat Hy verkondig het was: “Bekeer julle, want die koninkryk van die hemel het naby gekom.” (Matteus 4:17)

Nie lank nadat Hy begin preek het nie, het Jesus langs die see van Galilea gaan stap en hy het vier manne raakgesien, Petrus, Andreas, Johannes en Jakobus. Petrus en Andreas was broers en hulle was besig om gereed te maak om te gaan visvang. Johannes en Jakobus was ook broers en hulle was saam met hulle pa besig om voor te berei om ook te gaan vis vang. Visvang was hierdie vier manne se werk en dit was die manier waarop hulle hulle gesinne aan die lewe gehou het. Nie net dat hulle vis geëet het nie, maar ook vis verkoop het.

Wanneer Jesus hierdie vissermanne sien, sê Hy vir hulle: “Kom hier, kom saam met My, en ek sal julle vissers van mense maak.” En dan gebeur hierdie verbasende ding, daardie vier manne het “dadelik” opgehou om te doen wat hulle doen en hulle Jesus begin volg.

Dit is net so goed ek sê vanaand vir jou: Kom saam met my. Maak nie saak wat jy van plan was om volgende jaar te gaan doen nie en met die res van jou lewe te gaan doen nie, kom volg my.

Gelukkig het ek darem ook ‘n bietjie goeie nuus vir jou. Jesus verwag nie van jou dat jy alles net so moet los en Hom moet volg nie. Maar, Hy verwag wel van jou om Hom te volg. Hy verwag van jou om sy dissipel te wees. Dit maak nie saak wat jy volgende jaar gaan doen nie, jy moet dit alles as ‘n dissipel van Jesus doen.

Die belangrikste rede waarom jy op hierdie aarde is, is om ‘n dissipel of ‘n volgeling van Jesus Christus te wees.

Hierdie vier manne het eintlik baie min van Jesus geweet toe hulle besluit het om Jesus te volg. Al wat hulle geweet het, was dat Hy ‘n Rabbi was. ‘n Rabbi was ‘n leermeester of ‘n onderwyser. Dit was nie in daardie tyd en is ook nie vandag maklik om ‘n Rabbi te word nie. ‘n Man moes baie hard werk om ‘n Rabbi te wees. Hulle het ook iets gehad wat soos ons laerskool, hoërskool of universiteit was. Wanneer die Rabbi klaar “studeer” het, het elke Rabbi dissipels gehad wat hom gevolg het.

Wat Jesus geweet het, het Hy by ander Rabbis geleer. Hy ook soos al die ander seuns en jong mans van sy tyd deur hierdie leerproses gaan. Nadat Rabbis klaar geleer het, het hulle gewoonlik in hulle eie omgewing begin preek en van daar af na ander dorpe en plekke gegaan. Die gevolg was dat almal in die omgewing gewoonlik geweet het wie Rabbis was. Almal sou waarskynlik geweet het dat Jesus ‘n Rabbi was. Hierdie vier manne het nie geweet dat Jesus die Seun van God was, dat Hy mens geword het en soos elke ander mens geleef het nie, hulle sou net geweet het dat Hy ‘n Rabbi is.

Maar, al weet hulle amper niks van hierdie Rabbi nie, is hulle wel bereid om Hom alles te los en Hom te volg. En dit was nie net hierdie vier nie. Jesus het elkeen van sy dissipels op hierie manier gekry. Hy het hulle geroep en hulle het dadelik besluit om Hom te volg.

Ek dink dat as ek vir julle verduidelik hoe ‘n mens ‘n Rabbi geword het, gaan julle beter verstaan wat hier gebeur het.

Onthou julle ek het netnou gesê dat die Jode in daardie tyd ook drie vlakke gehad het. Ons sou dit laerskool, hoërskool en universiteit kon noem. Laerskool is Bet Sefer genoem. Bet Sefer beteken huis van die boek. Hoërskool is Bet Talmud genoem. Bet Talmud beteken Huis van studie. Die universiteit was Bet Midrash – huis van?? Genoem.

As ons wil verstaan wat hier gebeur het, dan is daar een ding wat ons altyd in gedagte moet hou: Dit was elke Joodse seuntjie se passie en droom om self ‘n Rabbi te wees. Hulle ouers het hulle die hele tyd daarvan bewus gemaak dat daar niks mooier en beter is wat ‘n mens met jou lewe kan doen as om ‘n Rabbi te wees nie. Die enigste manier waarop ‘n man ‘n Rabbi kon word en sy lewensdroom verwesenlik, was om deur Bet Sefer, Bet Talmud en Bet Midrash te gaan.

BET SEFER

Bet Sefer was by die plaaslike singagoge. Die Jode sou hierdie kerk ‘n sinagoge genoem het.

Al die seuntjies van 6 tot 10 jarige ouderdom het nie ‘n keuse gehad nie, hulle moes Bet Sefer bywoon. Vyf dae ‘n week, Maandag tot Vrydag, vir vyf jaar lank. In daardie vyf jaar het hulle hoofsaaklik die Torah, die eerste vyf boeke van die Bybel gememoriseer. Dit wil sê Genesis, Eksodus, Levitikus, Numeri en Deuteronomium uit hulle koppe uit geleer. Aan die einde van die vyf jaar kon die leermeester enige gedeelte uit die Torah aanhaal en die 10 jarige seuntjie sou die gedeelte voor en na die gedeelte wat aangehaal is opsê.

Die Ortodokse Jode doen dit vandag nog steeds. Ons was Julie maand in die Kruger wildtuin en in die huisie reg oorkant ons was daar ‘n ortodokse Jood. Elke oggend ses uur het die pa uitgekom en sy gebede boekie uitgehaal en gebid. En elke dag een of ander tyd kon jy die pa en die seuntjie sien waar die seuntjie met sy rug na sy pa toe staan, die pa staan met die Hebreeuse Bybel in sy hand. Hy lees ‘n stukkie, dan antwoord die seuntjie. Ek skat die seuntjie ongeveer 9 jaar oud. Sy pa was besig om hom die Torah te leer.

Daar was in daardie tyd die besondere gebruik dat die Rabbis die eerste dag wanneer die seuntjies by Bet Sefer aanmeld, hulle hande en die lei waarop hulle sou skryf, vol heuning gesmeer het en dan kon die seuntjies die heuning van hulle hande af eet terwyl die Rabbi vir hulle Psalm 119:103 lees: “Hoe aangenaam is U Woord, soeter as heuning in die mond.” Daarmee het die Rabbi hulle laat verstaan dat die leer van die Woord een van die mooiste en mees aangename en lekkerste ervaringe van hulle lewens sou wees en dat die Woord ‘n baie belangrike deel van hulle lewens sou wees. En vir elke Jood is dit nog steeds so.

Die volgende fase was Bet Talmud. Dit was nie vanselfsprekend dat elke Joodse seuntjie wat Bet Sefer, of laerskool klaar maak hoërskool of Bet Talmud toe sou gaan nie. Net die beste van die seuntjies sou aangaan.

BET TALMUD

Bet Talmud beteken “Huis van lering of studie.” Die seuntjies in Bet Talmud was tussen 10 en 14. Die wat vanaf Bet Sefer na Bet Talmud toe gaan is baie versigtig gekies. Hulle was die beste van almal wat Bet Sefer klaar gemaak het. In Bet Talmud was, het hulle die res van die ou Testament gememoriseer: Met ander woorde, Josua tot by Maleagi.

Behalwe vir die gedeeltes wat jy memoriseer het hulle ook ‘n manier geleer om ‘n intelligente gesprek te voer. Die Joodse seuns is geleer om ‘n vraag met ‘n vraag te antwoord. Bv.: As jy vir ‘n Jood sou vra wat is 2X2 sou hy jou waarskynlik antwoord met wat is 8-4.

In Lukas 10:22-28 is daar ‘n voorbeeld. “Daar was ‘n wetgeleerde wat aan Jesus ‘n strikvraag wou stel. Hy staan toe op en vra: ‘Meneer, wat moet ek doen om die ewige lewe te verkry?’ Jesus sê vir hom: ‘Wat staan in die wet van Moses geskrywe? Wat lees jy daar?’ Hy antwoord: ‘Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en en met jou hele siel en met al jou krag en met jou hele verstand, en jou naaste soos jouself.’ ‘Jy het reg geantwoord,’ sê Jesus vir hom. ‘Doen dit en jy sal die lewe verkry.’” (Lukas 10:25-28)

BET MIDRASH

Na Bet Talmud kom Bet Midrash. Die bestes uit Bet Sefer is gekies om Bet Talmud toe te gaan, maar net die beste van die bestes kon na Bet Talmud na Bet Midrash toe gaan. Op hierdie stadium is ‘n Joodse seun ongeveer 15 jaar oud.

Moet nou nie vergeet dat dit elke Joodse seuntjie se lewensdroom en ideaal was om ‘n Rabbi te word. Wanneer jy toegelaat word na Bet Midrash dasn kan jy weet dat daar bitter min dinge is wat jou sal keer om ‘n Rabbi te word. As ‘n seun klaar is met Bet Talmud kon hy na ‘n gerespekteerde Rabbi toe gaan en hom vra of hy deel van sy Bet Midrash kan word, een van sy volgelinge of dissipels. Elke Rabbi het sy eie dissipels gehad.

Elke Rabbi het oor sekere dinge sy eie mening en eie manier van dink en doen gehad. Dit is eintlik vandag met dominees ook so. Ons stem oor die meeste dinge saam, maar hier en daar verskil ons tog ook van mekaar. As ‘n Rabbi iemand kies om deel te wees van sy Bet Midrash, dan moes die Rabbi baie seker maak dat die dissipel sy leer en leefstyl verder sal neem.

Om seker te maak dat dit wel so sou wees, het elke Rabbi die persoon wat hom wou volg deeglik ondervra. As die Rabbi gedink het dat die jong man dit nie gaan maak nie, het hy hom huis toe gestuur met die wenk om die gesin se besigheid aan te leer en te trou en kinders te hê en te bid dat sy seuns Rabbi’s sou word. Maar, as hy seker was dat die seun ‘n goeie dissipel sou wees, sou hy vir hom die Aramese woorde sê: “Lech Acharai.” Wat beteken “Kom volg my.” Wanneer ‘n jong seun van hierdie ouderdom daardie worde hoor, dan het hy sy familie en sy beroep en sy plaaslike sinagoge gelos en hy het die Rabbi gevolg waar sy Rabbi ookal gaan. Met tye sou hy sy Rabbi aangespreek as “Raboeni”, my Rabbi. Hy het orals gegaan waar sy Rabbi gaan en alles hoor wat sy Rabbi mense leer en alles sien wat sy Rabbi doen, want hy wil net soos sy Rabbi wees. Hierdie 15 jarige seun wil die beste Rabbi wees wat hy moontlik kon wees.

Jesus was ‘n Rabbi. Jesus was ‘n Rabbi. Hy het by Bet Sefer en Bet Talmud gegaan. Hy het vir ‘n Rabbi gaan vra of hy by sy Bet Midrash kon aansluit en een van sy dissipels kon wees. En nou is Hy op dertig jarige ouderdom gereed om sy eie dissipels te kry. In die Nuwe Testament word Jesus 13 keer Rabbi genoem en 41 keer Meester. Net een keer in Markus 6:3 word na Jesus verwys as die seun van Josef die timmernan. Jesus was ‘n Rabbi.

Wanneer Rabbi Jesus dan eendag langs die See van Galilea loop, sien Hy hierdie vier vissermanne. Hoekom is hulle daar? Hulle is daar omdat hulle nie goed genoeg was om ‘n Rabbi te wees nie. Hulle was daar omdat een of ander Rabbi hulle huis toe gestuur het. Hulle droom om ‘n rabbi te word, is nie verwesenlik nie, het nie ‘n werklikheid geword nie.

Wanneer Rabbi Jesus by hierdie vier manne kom sê Hy vir hulle daardie woorde wat elke Joodse seun wil hoor: “Lech Acharai.” – Kom volg my!” Hierdie is hulle kans om hulle lewensdroom te verwesenlik. ‘n Rabbi roep hulle, en hulle doen wat enige ander Joodse seun sou doen, hulle los alles, hulle werk, hulle familie, hulle vriende en hulle volg Rabbi Jesus en nie eers Sebedeus. Johannes en Jakobus se pa probeer sy seuns keer nie, want niks kon ‘n pa meer trots maak as om te sien dat sy seun ‘n Rabbi is nie.

Al wat ons weet is dat hierdie vier manne deur Bet Sefer gekom het, dalk het hulle Bet Talmud gemaak, maar hulle was nie die beste van die beste nie, hulle was nie goed genoeg om Bet Midrash te maak nie, anders sou hulle nie besig wees om vis te vang nie, hulle sou saam met ‘n Rabbi oppad gewees het.

Maar, Rabbi Jesus is anders. Dit is nie vir Jesus belangrik dat sy dissipels die beste van die beste moet wees nie. Hy roep hulle soos hulle is waar hulle is om Hom te volg, sodat hulle self ook eendag Rabbis sou wees, mense wat ander leer.

Maar hier is nog ‘n belangrike punt. Hierdie dissipels kom nie na Rabbi Jesus toe en vra of hulle deel van sy Bet Midrash kan wees nie. Rabbi Jesus kom eintlik na hulle toe en nooi hulle en vra hulle of hulle nie sy dissipels sal wees nie. Later sou Jesus ook vir hulle sê: Julle het my nie gekies nie, ek het julle gekies.

Jesus het hierdie manne gekies en hy het hulle vertrou om die boodskap van die Koninkryk van God en van God se genade en liefde op so ‘n manier die wêreld in te neem, dat die boodskap nooit sou uitsterf nie.

Die twaalf dissipels het vir ongeveer 3 jaar saam met Rabbi Jesus gelewe. Hulle het alles gehoor wat Hy geleer het; hulle het alles gesien wat Hy gedoen het en hulle het hulle bes probeer om soos hulle Rabbi te wees.

Dit bring my nou weer by elkeen van julle. Volgende jaar is jy op jou eie. Die belangrikste rede waarom jy op hierdie aarde is, is om as dissipel van Jesus te leef. Dit maak nie saak waar jy heen gaan nie en wat jy gaan doen nie. Jy is geroep om dissipel van Jesus te wees.

Ek wil twee dinge vir jou uitlig. Rabbi Jesus is anders. Jy hoef nie na Rabbi Jesus toe te kom en te vra of jy een van sy dissipels kan wees nie. Hy kom na jou toe. Hy ken jou beter as wat jy jouself ken en Hy sê: “Lech Acharai!” Kom volg my.

Jy hoef nie vir ‘n onderhoud te kom voordat jy Jesus se dissipel kan wees nie. Jy hoef die beste van die beste te wees om jou skeppingsdoel te leef nie. Jesus nooi jou. Jesus kies jou, jy kies Hom nie. Jesus sien in jou die potensiaal om sy wysheid en sy leefstyl die wêreld in te neem.

Hoor mooi: Jesus het die vier dissipels geroep omdat Hy genoeg vertroue gehad het dat hulle die dinge wat Hy hulle geleer het en die manier waarop Hy geleer het, die wêreld sou inneem. Jesus roep jou omdat Hy dieselfde vertroue in jou het. Ek kan dit sê want ek weet dat Hy vir elkeen van sy kinders alles gegee het wat hy of sy nodig het om ‘n dissipel te wees.

En dit bring my nou by die tweede gedeelte wat ek vanaand vir julle wil lees. Nadat Jesus uit die dood uit opgestaan het en voordat Hy hemel toe is, het Hy weer sy volgelinge, sy dissipels by mekaar gekry en voordat Hy weg is, het Hy vir hulle gesê: “Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense My dissipels... leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.”

Ander Rabbis sou sterf en hulle dissipels alleen los, nie Rabbi Jesus nie. Hy het gesterf, maar Hy het ook opgestaan en Hy belowe dat Hy altyd by hulle sal wees. Nadat Hy hemel toe is, het Hy die Heilige Gees vir ons gestuur en vandag is Hy nog steeds by elkeen van ons.

Anders as al die ander dissipels van Rabbis, het Jesus se dissipels nooit Rabbis geword nie, hulle het dissipels gebly en hulle het nooit hulle eie dissipels gehad nie, want hulle het mense dissipels van Jesus gemaak.

Vandag nog is God se kinders besig om van mense dissipels van Jesus te maak. Ons doen dit deur vir mense die wonderlike boodskap van God se genade en liefde te vertel. Ons leer die mense wat Hy vir sy dissipels geleer en hulle vir ons geleer het. God het mens geword en in ons plek aan die kruis gesterf en Hy het opgestaan en Hy het opgevaar en Hy het vir ons sy Heilige Gees gegee en Hy roep jou en jou en jou om sy dissipel te wees.

Vir elkeen van julle sê Rabbi Jesus vanaand: “Lech Acharai”. Volg my. Ek het genoeg vertroue in jou dat jy die boodskap wat ek verkondig die wêreld in kan neem. Dit maak nie saak of jy met onderskeidings in al jou vlakke slaag en of jy glad nie gaan deur kom nie. Rabbi Jesus sê vir jou: “Lech Acharai”.

As die Here jou vanaand kom roep om sy dissipel te wees, dan wil Hy ook hê jy moet weet dat jy Hom nie gekies het nie, maar dat Hy jou gekies het. Hy wil ook jy moet weet dat jy nie ‘n toets het of ‘n mondelinge eksamen wat jy moet deurkom nie, Hy roep jy net soos jy is.

Totdat Jesus weer kom sal daar dissipels wees wat dieseldfe boodskap verkondig as wat Hy verkondig het toe Hy op aarde was, en daar sal mense wees wat daarna strewe om te leef so Hy geleef het.

Het Jesus ‘n fout gemaak toe Hy hierdie dissipels geroep het en hulle vertrou het om die boodskap van God se liefde die wêreld in te dra. Hier is ek en jy vanaand, 2000 jaar later, en ook vanaand word hierdie boodskap verkondig. Dit het gewerk, nie omdat hulle goed en

spesiaal was nie, maar omdat Jesus belowe het dat Hy by hulle sal wees en sy Heilige Gees gegee het.

Aan die een kant het hierdie boodskap ‘n hartseer deel. Die hartseer deel is dat alhoewel Jesus jou gekies het, en alhoewel jy vir Hom goed genoeg is net soos jy is, kan jy nog steeds besluit om nie sy dissipel te wees nie. Jesus roep jou, maar jy het ‘n keuse.

Party van julle het reeds besluit om as dissipels van die Here Jesus te lewe. Gebruik vanaand se nagmaal om daardie belofte weer vas te maak.

Party van julle gaan dalk vanaand voel om ‘n keuse te maak om Jesus te volg. Gebruik die nagmaal om daardie belofte aan die Here Jesus te maak.

Party van julle gaan vanaand nog nie die besluit neem nie, gebruik die nagmaal en dink daaraan dat Jesus in jou plek aan die kruis gesterf het.

Gaan maak dissipels.

Amen